higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

22 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

NASIENRIGLYNE VIR EKSAMINATORE/NASIENERS

1. Eksaminatore word herinner dat die vak Publieke Administrasie hom verleen tot breë interpretasies en dus uiteenlopende antwoorde.

2. Die memorandum dien as riglyn vir eksaminatore/nasieners en word nie bedoel om streng en voorskriftelik te wees nie.

3. Die antwoorde in hierdie memorandum is dus nie uitvoerig nie en eksaminatore/nasieners word versoek om na goeddunke na te sien. Studente se antwoorde moet ook in konteks van hul lewenservarings geassesseer word.

4. Antwoorde moet op grond van inhoud, en nie grammatika nie, nagesien word.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Waar
1.3 Waar
1.4 Onwaar
1.5 Waar
1.6 Onwaar
1.7 Waar
1.8 Onwaar
1.9 Onwaar
1.10 Onwaar

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

2.1
- Bevolking
- Individue
- Belange- en drukgroepe
- Wetgewende instellings
- Politieke uitvoerende instellings
- Kabinetsekretariaat
- Sentrale leidinggewende, navorsings- en koördinerende instellings
- Kommissies van ondersoek
- Internasionale instellings
- Amptenare
- Koerante en media
- Ander state: Internasionale invloede (Enige 4 × 1) (4)

2.2
- 'n Spesifieke landstreek
- Onafhanklik van enige ander staat
- Mense is deel van 'n gemeenskap
- Permanente reëls in die vorm van 'n grondwet
- Openbare instelling om wet en orde te verseker
- Regering word deur die mense van die land verkies om hulle te regeer

(Enige 4 × 2) (8)

2.3 2.3.1
- Administrasie in staatsinstellings uitgevoer
- Is 'n bepaalde aktiwiteit waar iets gedoen moet word
- Is 'n stelsel van strukture en prosesse
- Vind in 'n samelewing plaas
- Die doel daarvan is om behoorlike wette en regulasies vir die samelewing op te stel
- Stel wette en regulasies in en pas dit op die samelewing toe

(Enige 2 × 2) (4)

2.3.2
- Kom van die Griekse woorde *demos*, wat mense beteken, en *kratein*, wat beteken om te regeer
- Burgers kry die geleentheid om mense wat hulle na die Parlement wil stuur deur gereelde en algemene verkiesings te verkies en te identifiseer
- Beteken die regering van die nasie vir die nasie deur die nasie
- Min mense het die nodige gesag om besluite te neem wat mense verplig is om na te kom
- In 'n demokratiese staat het mense baie regte wat deur wetgewing verseker word
- Leiers moet nie hul gesag vir hul eie voordeel misbruik nie
- Demokrasie is gegrond om talle beginsels, soos regsreëls en verdeling van die staat se gesag (Enige 2 × 2) (4)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 3.1.1

- Moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees
- 18 jaar en ouer
- Moet 'n wettige kiesersdokument (ID) hê
- 'n Permanente inwoner van die land
- 'n Persoon wat 'n kind is van 'n burger voor die instelling van die nuwe Grondwet en wat na die land gekom het om 'n permanente inwoner te word
- 'n Persoon wat sedert 31 Desember 1978 in die land was
- Nie 'n Suid-Afrikaner nie, maar deur die Parlement die reg om te stem verkry
- Nie onderhewig aan enige afkeuring ingevolge die Wet nie

(Enige 4 × 1) (4)

3.1.2

- Die plek waar mense sal stem
- Moenie 'n gebou wees wat deur die weermag, polisie of 'n politieke party gebruik word nie
- Verkiesingsbeamptes is in beheer van stemstasies (Enige 1 × 2) (2)

3.1.3

- Tydelike stemhokkies – word gebruik om in die geheim te stem
- Stembusse – moet voor verkiesing nagegaan word om te verseker dat dit leeg is; stembriewe word daarin gegooi
- Afskrifte van kieserslys – verantwoordelikheid van elke individu om te kontroleer dat sy/haar naam op alle en die korrekte stemlyste in sy/haar kiesafdeling verskyn
- Stembriewe – bestaan gewoonlik uit afgekorte name van geregistreerde partye, 'n teken of simbool van elke party in kleur en die naam en foto van die leier van die party
- Onuitwisbare ink – word gebruik om die duimnaels van kiesers te merk
- Skryfbehoeftes – die verkiesingsbeampte moet penne, potlode, liniale en ander skryfmateriaal verskaf wat benodig kan word
- Snippermasjien – word gebruik om bedorwe stembriewe te versnipper
- Noodhulp- en noodtoerusting – die verkiesingsbeampte moet verseker dat daar genoeg noodhulp- en noodtoerusting beskikbaar is in geval van nood (Enige 4 × 1) (4)

3.1.4
- Identiteitsdokument word geskandeer en nagegaan
- Kieserslys word nagegaan en jou besonderhede word doodgetrek
- Die onderpunt van die duimnael van die regterhand word nagegaan vir onuitwisbare ink
- 'n Druppel ink word op die onderpunt van die duimnael geplaas
- Kieser ontvang twee stembriewe vir Nasionale Vergadering en Provinsiale Wetgewer
- Kieser merk party van sy/haar keuse in stemhokkie
- Kieser plaas stembrief vir Nasionale Vergadering in die nasionale stembus
- Kieser plaas stembrief vir Provinsiale Wetgewer in die provinsiale stembus
- Kieser verlaat die stemstasie (Enige 10 × 1) (10)

3.2 3.2.1
- Oos-Kaap
- KwaZulu-Natal
- Limpopo
- Noordwes
- Vrystaat
- Mpumalanga (Enige 6 × 1) (6)

3.2.2
- Die Grondwet maak voorsiening vir die vestiging van 'n Provinsiale Huis van Tradisionele Leiers in ses provinsies
- Lewer voorstelle aan die Provinsiale Wetgewer of regering oor sake verbonde aan tradisionele owerhede, inheemse reg of tradisies en gebruike van die tradisionele gemeenskappe
- 'n Provinsiale wetsontwerp word na die Provinsiale Huis van Tradisionele Leiers verwys vir kommentaar deur die speaker van die Provinsiale Wetgewer
- As die Huis 'n wetsontwerp teëstaan, word dit nie deur die Provinsiale Wetgewer goedgekeur nie (Enige 2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

3.2.3
- Genees die verdelings van die verlede en skep 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, sosiale geregtigheid en basiese menseregte
- Lê die grondslag vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin die regering gegrond is op die mense se wense en elke burger gelyk deur die wet beskerm word
- Verbeter die lewensgehalte van alle burgers en ontsluit die potensiaal van alle mense
- Die Parlement is ondergeskik aan die Grondwet
- Die Grondwet waarborg gelyke regte vir alle burgers van die Republiek van Suid-Afrika
- Die Grondwet bevat 'n Handves van Regte wat die verhouding tussen die staat en burgers reguleer
- Maak voorsiening vir die vorming van 'n regering van nasionale eenheid
- Die voormalige vier provinsies is deur nege provinsies vervang, elk met hul eie provinsiale regering
- Dit verskans verskeie belange van die gemeenskap, byvoorbeeld 'n verkiesingstelsel van gelyke verteenwoordiging
- Bou 'n verenigde en demokratiese Suid-Afrika wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die volksgemeenskap kan inneem

(Enige 5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 4

4.1 4.1.1
- Die Openbare Beskermer ontvang en ondersoek klagtes van die publiek teen die regering of staatagentskappe of -amptenare
- Ondersoek enige gedrag in staatsake of publieke administrasie op enige vlak van die regering wat onbehoorlik is (wanadministrasie, misbruik van mag, skending van mense-regte, oneerlikheid)
- Moet aan die publiek oor sodanige gedrag verslag doen
- Mag nie enige hofbeslissing ondersoek nie (Enige 4 × 2) (8)

4.1.2
- Voorsitter van die Nasionale Vergadering
- Tree as voorsitter op by vergaderings van die Nasionale Vergadering
- In beheer van verrigtinge van die Nasionale Vergadering

(Enige 1 × 2) (2)

4.1.3
- Die Nasionale Vergadering bestaan uit 400 lede.
- Tweehonderd setels word op grond van die nasionale verkiesing toegewys volgens die persentasie stemme van elke party.
- Tweehonderd setels word as volg aan die onderskeie provinsies toegewys:

  - Gauteng: 43
  - KwaZulu-Natal: 40
  - Oos-Kaap: 28
  - Wes-Kaap: 21
  - Limpopo: 20
  - Vrystaat: 15
  - Noordwes: 15
  - Mpumalanga: 14
  - Noord-Kaap: 4

- 'n Speaker en adjunkspeaker word onder die lede van die Nasionale Vergadering verkies.
- Elke politieke party sal 'n leier vir die Nasionale Vergadering verkies, wat die hoofsweep genoem word.
- Elke politieke party mag bykomende swepie verkies teen die verhouding van een sweep vir elke 8,69 lede.
- Politieke partye wat te klein is om 'n sweep te hê, kan vergaderings van die swepe bywoon.
- Die meerderheidsparty kan 'n adjunksweep aanstel.
- Hulle word elke vyf jaar verkies. (Enige 6 × 2) (12)

4.1.4
- Ongerehabiliteerde insolvent
- Geestesversteuring
- Gevonnis tot tronkstraf vir meer as 'n jaar sonder die opsie van 'n boete
- Afwesigheid vir 'n lang tydperk sonder toestemming
- Enigiemand wat aan 'n oortreding skuldig bevind is en tot meer as 12 maande tronkstraf gevonnis is sonder die opsie van 'n boete, hetsy in of buite die Republiek
- Permanente afgevaardigdes van die Nasionale Raad van Provinsies of lede van 'n Provinsiale Wetgewer of munisipaliteitsraad
- Enigiemand in diens van die staat en wat vergoeding vir sodanige aanstelling of diens ontvang (die president, adjunkpresident, ministers, adjunkministers) (Enige 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.2 4.2.1
- Het jurisdiksie in alle grondwetlike sake, buiten sake waaroor slegs die Konstitusionele Hof mag besluit
- Is ook gesetel in provinsies met appèlafdelings
- Hoor sake aan wat so ernstig is dat die laer howe nie bekwaam genoeg is om behoorlike uitspraak te doen nie
- Kan oortreders tot lewenslange tronkstraf vonnis, tensy andersins deur die wet voorgeskryf
- Besluite is bindend op magistraatshowe in die gebied van jurisdiksie
- Hooggeregshof-regters word ná beraadslaging deur die president aangewys (Enige 2 × 2) (4)

4.2.2
- Bestaan om uitsprake te doen oor die minder ernstige straf- en siviele sake wat daagliks voorkom
- Verskillende soorte magistraatshowe wat uitspraak oor 'n verskeidenheid sake doen, soos gewone magsitraatshof, kinderhof en streeksmagistraatshof (Enige 2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- Keur wetsontwerpe goed
- Verwys wetsontwerpe terug vir oorweging
- Belê Kabinetsvergaderings
- Stel kommissies van ondersoek en ambassadeurs aan
- Verwys dispute wat in die Parlement voorkom na die Konstitusionele Hof of ander toepaslike instelling
- Stel diplomatieke amptenare aan
- Onderhandel en onderteken internasionale ooreenkomste
- Kondig referenda aan
- Spreek oortreders vry
- Stel adjunkpresident en Kabinetslede aan
- Dank adjunkpresident en ministers af
- Bestuur die Kabinet
- Bepaal beleide van die nasionale regering en voer dit uit
- Wys funksies aan die uitvoerende adjunkpresident toe

(Enige 5 × 2) (10)

5.1.2
- Is politieke hoofde en lê beleidsvoorstelle aan die Kabinet voor
- Lê voorstelle van hul departement aan Kabinet voor
- Verseker dat wetgewing goedgekeur word om hierdie doelstellings na te kom
- Lewer voorstelle oor doelstellings vir hul departement

(Enige 3 × 2) (6)

5.1.3
- Landbou, Bosbou en Visserye
- Basiese Onderwys
- Kommunikasie
- Korrektiewe Dienste
- Ekonomiese Ontwikkeling
- Omgewingsake
- Gesondheid
- Binnelandse Sake
- Nasionale Tesourier
- Kuns en Kultuur
- Verdediging
- Energie
- Hoër Onderwys en Opleiding
- Menslike Nedersettings
- Internasionale Betrekkinge en Samewerking
- Arbeid
- Minerale Hulpbronne
- Polisie
- Openbare Ondernemings
- Staatsdiens en Administrasie
- Openbare Werke
- Wetenskap en Tegnologie
- Maatskaplike Ontwikkeling
- Handel en Nywerheid
- Vervoer
- Sport en Ontspanning
- Tradisionele Sake
- Watersake
- Die Presidensie
- Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming
- Staatsveiligheid
- Statistiek Suid-Afrika (Enige 8 × 1) (8)

5.1.4
- Voer alle aktiwiteite uit wat deur die president of die Grondwet aangewys is
- Staan die president by
- Het dieselfde take as Kabinetslede
- Is gesamentlik (met Kabinetslede) en individueel verantwoordbaar aan die Parlement. (Enige 2 × 2) (4)

5.1.5 Uitvoerende gesag
- Sluit aktiwiteite in die voorbereiding van die opstel van wette in
- Sluit die bestuur van verskillende staatsdepartemente in die regering in
- Wette word hier uitgevoer
- Nie betrokke by die uitvaardiging van wetgewing of die toepassing van wette nie

Wetgewende gesag
- Sluit die opstel van wette in
- Monitor die uitvoerende gesag
- Die wetgewer wat wette uitvaardig mag dit nie ook uitvoer of toepas nie (Enige 2 × 2) (4)

5.2
- Stel munisipale regulasies op, mits dit met nasionale of provinsiale wetgewing ooreenstem
- Skryf prosedures voor vir heffings en die invordering van munisipale belasting
- Skryf voor hoe munisipale inkomste bestee sal word om die nodige dienste te verskaf om die welsyn van alle burgers te handhaaf
- Verseker dat nasionale en provinsiale beleide op plaaslike vlak toegepas word
- Munisipaliteite het die reg om na goeddunke te bestuur, onderhewig aan nasionale en provinsiale wetgewing en die Grondwet
- Die munisipaliteit stel regulasies oor verskeie sake op; hierdie sake sluit in toerisme, vullisverwydering, gesondheidsdienste en stormwaterdreinering
- 'n Munisipaliteitsraad mag op sy eie werksmetode besluit deur komitees te stig, alhoewel besluite deur die volle raad geneem moet word

(Enige 4 × 2) (8)
[40]

VRAAG 6

6.1 6.1.1
- Munisipale vlak van die regering
- Plaaslike vlak van die regering (Enige 1 × 2) (2)

6.1.2
- Water is 'n noodsaaklike diens.
- Die munisipaliteit is betrokke by die verskaffing van hierdie diens.
- Mense kan nie vir baie lank sonder water oorleef nie, en dus moet dit so gou moontlik aandag kry.
- Weens gesondheids- en veiligheidsredes moet hierdie diens deurlopend deur munisipaliteite verskaf word. (Enige 2 × 2) (4)

6.1.3
- Verteenwoordig die wyke
- Is verantwoordbaar teenoor die burgers rakende wat in die munisipaliteit gebeur
- Moet die belange van die inwoners in die gebied beskerm
- Moet beskikbaar aan burgers wees om hul ontevredenheid te bespreek
- Moet elke vier maande aan hul kiesafdelings verslag doen
- Moet eerlik wees en deursigtig optree
- Moet altyd in die gemeenskap se beste belange optree
- Woon vergaderings gereeld by
- Mag nie hul posisie, voorregte of vertroulike inligting vir privaat gewin gebruik nie
- Mag nie enige beloning, geskenk of guns om enige rede versoek, uitlok of aanvaar nie
- Mag nie in die bestuur of administrasie van enige departement inmeng of dit belemmer nie, tensy deur die raad opdrag gegee om dit te doen (Enige 5 × 2) (10)

6.2 6.2.1
- Bestaan uit 30 tot 100 lede
- In 'n algemene verkiesing op eweredig grondslag verkies
- Die premier is die hoof van die provinsie en die Provinsiale Wetgewer
- Ampstermyn is vyf jaar (Enige 3 × 2) (6)

6.2.2
- Grondwet is die hoogste wet
- Nasionale wette of Parlementswette is hoër as die wette wat deur provinsiale regerings goedgekeur word
- Provinsiale regerings is ondergeskik aan die nasionale regering (Enige 1 × 2) (2)

6.2.3
- Waar 'n Parlementswet oor sake gaan wat nie doeltreffend deur provinsiale wetgewing gereguleer kan word nie
- Waar 'n Parlementwet oor sake gaan wat deur eenvormige norme of standaarde wat in die algemeen op die hele land van toepassing is, gereguleer of gekoördineer moet word
- Waar 'n Parlementwet nodig is om minimum standaarde oor die land heen vir die lewering van openbare dienste te stel
- Waar 'n Parlementwet nodig is vir die handhawing van ekonomiese vyandigheid, rykdom en sekuriteitsdienste, beskerming van die omgewing, bevordering van provinsiale handel en ander belangrike dienste wat deur nasionale wetgewing gereguleer word (Enige 4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

6.3
- Generiese administratiewe funksies
- Hulpfunksies
- Diensfunksies
- Lynfunksies (Enige 4 × 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou